

31 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 8:1-10 (NAV)

Fokusgedeelte: Psal, 8:6-7 (NAV)

God het die mens met 'n doel geskep

“Wie is ek?” Om myself te verstaan, moet ek iets van God verstaan. Dawid het dit reggekry, want hy kyk rondom hom en sien die magtige skepping, die hemelruim, en staan verwonderd oor God. Hy besing daarom die lof van die Skepper as hy sê: “Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde” (Ps. 8:2, 10). Vir Dawid staan God in die middel en sy skeppingswerke getuig van sy glorie.

Om onself en ons plek hier op aarde te verstaan, moet ons na God kyk en na sy asemrowende skepping. God het my met 'n doel geskep. Dis wie en wat ek is. God het verteenwoordigers om te heers oor sy handewerk en het alles, selfs die diere, voëls en visse, aan hom onderwerp. Hy het die mens geskep om na Hom te luister en met Hom te praat, om in 'n unieke verhouding tot Hom en die wêreld te staan, met die doel om oor die aarde te heers.

Vir hierdie doel is die mens met aansien en eer gekroon. Die mens heers as koning, as kroon van die skepping oor die werk van God se hande. God het alles op die aarde daargestel ter wille van die mens se behoeftes. Die mens het homself die reg toegeëien om alles in te palm ter wille van kortstondige, eie gerief. Dit het daartoe gelei dat die natuurlike hulpbronne roekeloos uitgebuit, opgebruik, verniel en besoedel word. Die heersersposisie wat die mens vir homself toegeëien het, het gelei tot 'n breuk tussen die mens en die natuur, en tussen die mens en sy Skepper. Die pad terug na God is om deur die Herskepper, Jesus Christus, terug te keer na die Skepper en die skepping, God daarin te sien en dan myself te herontdek.

Solank as wat ons na die skepping kyk en onself afvra: “Wat kan ek hieruit kry?”, gaan dit nooit regkom nie. Om uit te vind wie ek regtig is en waar ek inpas, moet ek na die skepping kyk en God se hand daarin raaksien. Ek moet die wonder van die skepping in die fynste detail besef. My verhouding met die skepping lê in die kern van my verhouding met God. Slegs dan verstaan ek ook dat ek deel van die skepping is, God se skepping. Kind van God. Kroon van die skepping. Dis wie ek is. Dis waar my waarde lê. Dis hoekom ek hier is, om saam met die skepping God te verheerlik.

Sing: Psalm 8:4, 5 (Totius)

Ds. P Cilliers (Daniëlskuil/Delportshoop)